LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

Deystraat, Nieuw Muckleneuk | Tel: 012 460 3024/6181 | Faks: 012 346 4847
www.wouwtjies.co.za

30 April 2019

Geagte Ouers/Voogde

REGISTRASIE PROSEDURE VIR INSKRYWINGS 2020

Ons het kennisgewing van die Departement ontvang dat **inskrywings vir Graad 1- en Graad 8-leerders, 2020, op 13 Mei 2019 open**. Ouers moet aanlyn registreer en ons versoek dat u asseblief op 13 Mei, stiptelik om 08:00 voor u rekenaar sal wees en sal volhard om u kind by die skool van u keuse te registreer. U gaan op die volgende webblad: www.gdeadmissions.gov.za en volg die instruksies.

Indien u nie daarin kan slaag om elektronies te registreer nie, moet u met mevrou Simone Wallace in verbinding tree. Haar epos is simone@wouwtjies.co.za. U is ook welkom om die GDE helpline by 0800 000 789 te skakel. Wanneer u registreer, sal u 'n verwysingsnommer kry.

Registrasie – instruksies:

- Gaan in op www.gdeadmissions.gov.za. (Welcome to GDE) – Landing platform
- Daar is drie stappe:
  - **Step 1 (rooi)**
    Lees eers jou "Terms and Conditions" deur en aanvaar dit.
    ➔ Continue
    Parents details:
    Username and Password
    - (Kies 'n maklike password wat jy kan onthou. Dit moet bestaan uit Hoofletter, kleinletters, 'n nommer en 'n karakter)
    - Antwoord die "security questions" vir jou veiligheid en sodoende kan jy jou "password" weer kry as jy dit vergeet het.
      Dit is baie eenvoudige vrae soos:
      a) Nickname
      b) Favourite TV programme
      c) Best friend's name

    Accept – submit (Step 1 – word nou groen)

- **Step 2 (geel)**

  (Jou Gr. R-leerder wat Gr. 1 toe gaan in 2020)

  - Naam, van, ID-nommer, geboortedatum.
  - Die volgorde hieronder is die prioriteit wat die onderwysdepartement gaan volg. Vir u gerief, verduidelik ons kortliks die proses soos onder uiteengesit.
  - As u direk in die voedingsarea van die skool val, kies keuse no. 1. Sien kaart hieronder.



- **As u keuse 1 kies en Anton van Wouw is nie die skool wat die stelsel aan u toegeken het nie, moenie bekommerd wees nie. Elke ouer kan 5 aansoeke indien. Kies dus weer keuse no. 1. Hier sal nou ‘n lys van skole verskyn. Kies dan Laerskool Anton van Wouw op die aftieklys. Sien insetsel onder.**

GAUTENG

Together, Moving Gauteng City Region Forward

NEW FEATURES IN THE SYSTEM FOR ADMISSIONS 2020

- Parents are allowed to make **a maximum of 5 applications using any of the available options**
- When parents **select Option 1 (Home) for the first Application,** the System will provide **the school and the feeder zone of the school closest to the parent's home address**
- In the Second Application, parents may select **Option 1 again**. All schools Feeder Zones and schools where the parent address is will appear, with distances, to allow parents to apply to more schools
- **Note that Boys Schools / Girls Schools are not given preferential ranking and will appear within the relevant Feeder Zone like co-ed schools**

- Indien u buite die voedingsarea val, maar daar is 'n boetie of sussie in Gr. 2-7 kies, dan keuse no. 2
- **Sou u naam by twee skole verskyn, is dit steeds nie 'n probleem nie. U moet dan net binne 14 dae na registrasie u dokumente na ons toe bring. Sodra ons u dokumente ontvang het, voltooi ons van ons kant af die elektroniese stelsel en dan is die plasing so te sê 'n formaliteit.**

GAUTENG

Together, Moving Gauteng City Region Forward

NEW FEATURES IN THE SYSTEM FOR ADMISSIONS 2020

Application options are updated as per the criteria in the Amendments to Admissions Regulations, 2019.

1. **Option 1 (HOME): *Applicant learner's place of residence is closest to the school within the feeder zone***
2. **Option 2 (SIBLING)**: The applicant learner has a **sibling attending the school; (based on time of application)**
3. **Option 3 (WORK):** The place of employment of at least **one of the applicant learner's parents is within the feeder zone of the school;**
4. **Option 4 :** The applicant learner's place of **residence is within a 30-kilometre radius of the school; or**
5. **Option 5:** The applicant learner's place of **residence is beyond a 30-kilometre radius of the school (based on time of application)**

In addition, the System provides the Schools of Focus Learning (SOS)

Nadat u die aansoek aanlyn voltooi het, sal u 'n SMS ontvang wat bevestig dat die aansoek suksesvol is. Die SMS sal ook 'n registrasienommer bevat, bv. WA1/12345/08. Die nommer moet saam met die nodige dokumentasie by die skool ingehandig word.

Registrasies sluit op 15 Julie 2019.

Neem kennis dat die volgende dokumente binne **7 dae** na registrasie, na die laerskool/hoërskool waar u u kind wil inskryf, geneem moet word.

1. Gesertifiseerde afskrif van leerder se geboortesertifikaat.
2. Onlangse ID-foto van kind.
3. Immuniseringskaart.
4. Bewys van adres van ouer/ voog of brief van werkgewer.
5. Beide ouers/voog se ID dokumente.
6. In die geval van 'n oorlede ouer – 'n Doodsertifikaat.
7. In die geval van wettige voogdyskap – Afskrifte van die wettige dokumentasie uitgereik deur die Hof.

Die inskrywingsproses is uit ons hande en daarom moedig ons ouers aan om noukeurig te let op prosedures om u kind se plek te probeer verseker. **Indien Laerskool Anton van Wouw nie verskyn as 'n moontlike keuse van skool nie, moet u Simone Wallace asb in kennis stel.**

Bestuursplan van Onderwysdepartement

DATUM /DATE	AKSIE / ACTION
13 Mei – 15 Julie	**E-platvorm open 8:00 vir aanlynregistrasie.**
26 Augustus	**Skole ontvang elektroniese afgetekende Waglyste**
27 Augustus	**Ouers word per SMS laat weet by watter skool hul kind geplaas is.**
27 Augustus tot 5 September	**Ouers het 7 dae kans om plasing te aanvaar of af te keur.**
27 Augustus tot 20 September	**Ouers ontvang finale bevestiging van plasing.**

Ons stuur ook per epos vir u 'n verkorte Powerpoint wat die aanlynregistrasie verduidelik.

Ouers van wie ons nie 'n epos-adres het nie, of nie die Powerpoint aanbieding ontvang het nie, kan net 'n epos stuur aan simone@wouwtjies.co.za.

Groete

Mnr C Henning
Hoof